NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

SEPTEMBER 2010

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL
EERSTE VRAESTEL
(TAAL IN KONTEKS EN LETTERKUNDE)

TYD : 2½ UUR
PUNTE : 120

BENODIGDHEDE:
Antwoordeboeke

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL
EERSTE VRAESTEL
(TAAL IN KONTEKS EN LETTERKUNDE)

SEPTEMBER 2010

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 23 BLADSYE

Kopiereg voorbehou

b.o.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	LEESBEGRIP	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING	(10)
AFDELING C:	TAAL	(60)
AFDELING D:	LETTERKUNDE	(20)

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die volgende ARTIKEL en beantwoord die vrae.

Piet Matipa is nie op sy mond geval nie – g'n wonder hy is 'n ATKV-redenaar nie

1. "Ek is nie 'n ag-*shame*-kindjie nie," sê Piet Matipa met ons ontmoeting by die Hoërskool Waterkloof in Pretoria. "Ek kry myself nie jammer omdat ek in 'n kinderhuis bly nie en wil nie hê ander mense moet my jammer kry nie. Ek het genoeg kos en klere."

2. Die agtienjarige onderhoofseun van kultuur is vol energie en glimlag aanmekaar so breed, jy sal glo hy het pas die Lotto gewen.

3. Die R500-prysgeld wat hy gekry het toe hy onlangs die landwye ATKV-redenaarskompetisie vir tweedetaal-sprekers gewen het, is vir hom baie geld.

4. Hy het saam met 149 ander leerlinge aan die nasionale kompetisie deelgeneem en nie vir 'n oomblik gedink hy gaan wen nie. "Toe almal klaar gepraat het, het ek gedink ons kan maar huis toe gaan. Maar ek was so bly toe ek wen!"

5. Sy toespraak, **"Die toekoms is net vir tawwe tienies en tawwe tieners,"** het almal met aandag laat luister. Dit het gegaan oor grootmense wat nie goeie rolmodelle vir kinders is nie en dat jong mense tawwe tieners moet wees om 'n goeie toekoms te skep.

6. Piet is in Mamelodi gebore, maar nog voor sy tiende verjaardag na 'n kinderhuis gestuur omdat sy ouers nie meer vir hom kon sorg nie.

7. "Weet jy, né, ek weet mense dink ek is net 'n weeskind, maar kom ek sê jou die waarheid. Hoërskool Waterkloof het vir my deure oopgemaak. Ek het so baie geleenthede hier gekry. Die Here het gekies dat ek hier moes skoolgaan. En dit is hoekom ek sê ek is die Here se witbroodjie."

8. Piet se moedertaal is Zoeloe, maar hy kan ook Sotho en 'n bietjie Sjangaan praat. Hy het Afrikaans leer praat toe hy na 'n Afrikaanse laerskool gestuur is deur een van die kinderhuise waar hy gebly het. "Ek moes dit leer, want almal het dit gepraat. Dit is net so 'n lekker taal."

9. Dit was die eerste keer dat hy aan 'n redenaarskompetisie deelgeneem het. "Ek het maar 'n dag voor die tyd regtig begin oefen. Ek was bekommerd dat ek nie alles gaan onthou nie, maar dis anders as jy daar staan. Alles kom net bymekaar. My hande het sommer vanself saamgepraat."

10. Dink hy Afrikaans sal ooit uitsterf? "Ek dink as jy Afrikaans is en hou van jou taal, sal dit nooit uitsterf nie. As dit uitsterf, gaan dit wees omdat jy dit ophou praat. En dan sal jy die moordenaar van Afrikaans wees."

[Verwerk uit: *Huisgenoot* 13 September 2007, p.106]

Woordeboekbetekenisse:

kinderhuis	: 'n plek waar kinders bly wie se ma en/of pa nie vir hulle kan sorg nie.
weeskind	: 'n kind wat sonder 'n ma en pa grootword.
redenaarskompetisie	: debatskompetisie.
tawwe tienies/tieners	: mense/jongmense wat nie maklik moed opgee nie.
deure oopmaak	: geleenthede ("opportunities") gee.
witbroodjie	: die Here hou **baie** van my.
uitsterf	: "doodgaan" ~ die taal word nie meer gepraat nie.

VRAE:

1.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (1.1) neer.

As iemand, soos Piet Matipa in die artikel, ***"... nie op sy mond geval (is) nie,"*** (in die titel) beteken dit ...

A. hy praat min en soek woorde om te sê.
B. hy praat baie en die woorde kom maklik.
C. hy het gegly, en amper op sy mond geval.
D. as jou mond toe is, bly dit 'n heel mond. (1)

1.2 Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende woord uit die **lysie van die woorde** hieronder te soek. Skryf *slegs* die woord langs vraagnommer (1.2) neer.

Piet Matipa woon, vandat hy 10 jaar oud is, in ('n) ...

Mamelodi; Hoërskool Waterkloof; ATKV-oord; kinderhuis.

(1)

1.3 Verduidelik Piet Matipa se woorde: ***"Ek is nie 'n ag-shame-kindjie nie,"*** (paragraaf 1), kortliks in jou EIE woorde. (2)

1.4 Kies die antwoord wat VERKEERD is! Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (1.4) neer.

Kyk na die foto van Piet Matipa! Die manier hoe hy na ons kyk, sê vir ons ...

A. hy het baie selfvertroue.
B. hy is baie seker van homself.
C. hy is nie bang vir die kamera nie.
D. hy is baie skaam en bang om te praat. (1)

1.5 **Watter** kompetisie het Piet Matipa onlangs gewen en **hoeveel** prysgeld het hy gekry? (2)

1.6 Piet Matipa se toespraak ***"Die toekoms is net vir tawwe tienies en tawwe tieners"*** (paragraaf 5), bestaan veral uit TWEE belangrike elemente. Skryf dié TWEE elemente neer. (2)

1.7 **Hoeveel** tale kan Piet (Matipa) praat en **waarom** kan hy Afrikaans so goed praat? (2)

1.8 Voltooi die volgende sinne hieronder deur die ontbrekende woord uit die **lysie van woorde** in die blokkie te soek. Skryf *slegs* die woord langs vraagnommers (1.8.1 – 1.8.3) neer.

1.8.1 Piet is al voor sy ... verjaardag na 'n kinderhuis gestuur. (paragraaf 6)
1.8.2 Volgens Piet is Afrikaans 'n . . . taal! (paragraaf 8)
1.8.3 By die redenaarskompetisie het nié net Piet se mond nié, maar ook sy ... "sommer vanself saamgepraat". (paragraaf 9)

agtiende; moeilike; hande; tiende; lyf; lekker

(3)

1.9

1.9.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die KORREKTE antwoord langs vraagnommer (1.9.1) neer.

Piet Matipa dink Afrikaans gaan eendag uitsterf. (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord in vraag 1.9.1 deur 'n aanhaling uit paragraaf 10 neer te skryf. (1)

[16]

EN

VRAAG 2: STROKIESPRENT

Kyk na die volgende TWEE STROKIESPRENTE en beantwoord die vrae.

TJ

Deur Keith & Lorna Stevens

[Verwerk uit: **KIO:** BEELD-Afr 2e Taal: Gr 8 – 12; p.40]

2.1

2.1.1 **Waarin** sit **TJ** en die man in die twee strokiesprente hierbo? (1)
2.1.2 Skryf slegs TWEE woorde uit **TJ** se gesprek met die man neer wat jou antwoord in vraag 2.1.1 sal **motiveer**. (2)

2.2 Kyk na die man se gesig wat langs **TJ** sit. Voltooi nou die volgende TWEE sinne deur die ontbrekende woord uit die **lysie van woorde** in die blokkie hieronder neer te skryf. Skryf slegs die KORREKTE antwoord langs vraagnommers (2.2.1 en 2.2.2) neer.

2.2.1 In die eerste strokiesprent is die man langs **TJ** baie ...

2.2.2 In die tweede strokiesprent is die man langs **TJ** baie ... (2)

bly; opgewonde; bang; tevrede; moeg; verbaas; kwaad.

2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (2.3) neer.

Die uitdrukking ***"... te bowe wil kom ..."*** (strokiesprent 1), het dieselfde betekenis as ...

A. om te oorwin.
B. om te vlieg.
C. om te verloor.
D. om skelm te wees. (1)

2.4 Dit is duidelik dat die man langs **TJ** (strokiesprent 1) bang is om te vlieg. Wat is volgens **TJ** nóg **gevaarliker** om in te ry as om in 'n vliegtuig te vlieg? Skryf slegs EEN woord as jou antwoord neer. (1)
[7]

EN

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die volgende advertensie en beantwoord die vrae:

Advertensie

Maak jou dag makliker met Shoprite Money Market

Met die gejaagde lewens wat ons vandag lei, het ons dikwels te min tyd om alles gedoen te kry. Daarom bied Shoprite vir ons klante die gemak van alles-in-een inkopies en Money Market, ook verskeie ander dienste om elke dag net bietjie makliker te maak.

Het jy geweet dat jy by ons Money Market toonbank derdepartyrekeninge kan betaal, insluitend jou Telkomrekening, elektrisiteitsrekening en TV lisensie?

Ons Money Market toonbank bied nou ook die volgende dienste:

- **Reiskaartjies:** Buskaartjies, Mango vliegkaartjies
- **Lotto kaartjies**
- **Computicket besprekings:** kaartjies vir: Rugbywedstryde, musiekkonserte ...

Jy kan ook jou Cell C, Vodacom, MTN, Virgin Mobile of Telkom lugtyd optop, terwyl jy inkopies doen! Wees 'n slim koper en gaan nou na jou naaste Money Market.

SHOPRITE

SALIENT_CORS272

LAER PRYSE WAT JY KAN VERTROU : *ALTYD*

[Verkort en verwerk uit : *NUWE AFRIKAANS SONDER GRENSE* ~ GR 10 Eksamenbank CD-ROM]

3.1 Vul die ontbrekende woord in:

In 'n gejaagde lewe het jy nie genoeg ... om alles te doen nie. (1)

b.o.

3.2 Behalwe vir die derdepartyrekeninge wat die publiek by die Money Market-toonbank kan betaal, noem nóg DRIE ander rekeninge wat ook hier betaal kan word. (3)

3.3 Vir watter lugdiens kan mens jou vliegkaartjies by Shoprite Money Market koop? (1)

3.4 Voltooi die sin deur die ontbrekende woord in te vul:

Shoprite Money Market help jou om mense op jou selfoon te bel (Cell C, Vodacom, MTN, Virgin Mobile) omdat jy jou ... kan optop, terwyl jy inkopies doen. (1)

3.5 Wat is Shoprite se slagspreuk? (1)
[7]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 4

- Die onderstaande berig uit *Die Burger* bevat interessante inligting oor *sjimpansees*.
- Som dié inligting in SEWE VOLSINNE op.
- Jou opsomming moet 60 WOORDE lank wees.
- Skryf die GETAL woorde onderaan die opsomming.

ELSABÉ BRITS

1. Sjimpansees in Senegal maak gereeld spiese en gebruik dit om te jag, het navorsers gevind in 'n studie wat wys dat diere gereedskap gebruik om ander diere mee te jag.

2. Dié studie deur die Staatsuniversiteit van Iowa, VSA, het 22 gevalle aangeteken waar sjimpansees spiese uit takke maak om mee te jag.

3.Sjimpansees hou van vleis en hulle vang soms ander ape om te eet. Die gebruik van gereedskap vir hierdie doel, is egter uniek.

4. Dié navorsing het in die vaktydskrif **Current Biology** verskyn en die sjimpansees se gedrag is tydens veldwerk waargeneem.

5. Hulle het selfs later gesien hoe die sjimpansees met die selfgemaakte spiese jag. Die sjimpansees het die spiese in hol boomstompe gesteek en daaraan gelek toe hulle dit uitgetrek het.

6. Die navorsers het ook gesien dat 'n mannetjie-sjimpansee 'n nagapie met die spies raak steek. Wyfies het die tegniek ook gebruik en dit lyk of hul kleintjies dit by hulle aangeleer het.

7. Sjimpansees verdra mekaar egter nie sommer wanneer dit by kos kom nie of sal nie kos deel nie. Twee sal byvoorbeeld nie saam uit een bak eet nie.

[Verwerk uit : *NUWE AFRIKAANS SONDER GRENSE* ~ GR 11 Eksamenbank-CD Rom]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE (STROKIESPRENT)

Lees die STROKIESPRENT en beantwoord die vrae.

BEN, BABSIE EN FAMILIE



[Uit *Taalgenoot,* Oktober 2008, p.49]

Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkantste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. Antwoorde op Vrae 5.1 – 5.20 moet **KORREK GESPEL** wees.

Ben staan met 'n drankie (5.1 *op/in*) sy hand en Babsie lees iets in 'n (5.2 *pamflet*).	5.1 5.2	Kies die regte woord. Skryf die verkleining.	(1) (1)
Hulle braai gewoonlik (5.3 *in die middae*) vleis, want (5.4 *elke aand*) reën dit.	5.3 5.4	Gee een woord. Gee een woord.	(1) (1)
Ben is ernstig om te (5.5 *emigreer*) (5.6 *Engeland*) toe, maar Babsie verduidelik nog (5.7 *ernstig)* vir hom wat die konsekwensies gaan wees.	5.5 5.6 5.7	Gee die sinoniem. Skryf die sinoniem. Skryf die regte vorm van die woord.	(1) (1) (1)
(5.8 *Sy/Haar*) sê egter dat hulle al hulle (5.9 *spaargeld*) sal moet gebruik en dat sy nie sal kan (5.10 *help/hulp*) om te pak nie, weens haar (5.11 *rugprobleme*).	5.8 5.9 5.10 5.11	Kies die regte voornaamwoord. Gee die meervoud. Kies die regte woord. Gee die verkleiningsvorm.	(1) (1) (1) (1)
"Die (5.12 *garage*) sal ure neem om te pak!", sê Babsie vir Ben. Die leesteken na, "... pak!", is 'n (5.13 *vraagteken/uitroepteken/ aanhalingsteken*).	5.12 5.13	Gee die sinoniem. Kies die regte antwoord.	(1) (1)
Ben-hulle se huis moet (5.14 *verkoop*) word en 'n (5.15 *iemand wat verf*) sal eers die huis moet verf. Babsie wil graag 'n (5.16...*wit*) (5.17 *verf*) huis hê.	5.14 5.15 5.16 5.17	Gee die antoniem. Gee een woord. Skryf die intensiewe vorm. Gee die regte vorm van die woord.	(1) (1) (1) (1)
"Emigrasie is die (5.18 *groot*) uitdaging en ek dink jou (5.19 *plan*) sal goed werk", erken Babsie.	5.18 5.19	Gee die regte trap van vergelyking. Skryf die meervoud.	(1) (1)
"Ons het die beste rugbyspan in die wêreld en ek hou baie (5.20 *van + dit*) om rugby te kyk, daarom bly ons maar in Suid-Arika", sê Ben uiteindelik vir Babsie.	5.20	Gee die regte vorm.	(1)

[20]

b.o.

VRAAG 6: SINSTRUKTURE (LEESSTUK)

Lees die onderstaande LEESSTUK en beantwoord die vrae:

Skoolsiek

Boetie was dikwels siek as daar toetse geskryf moes word, maar hy het meestal daarmee weggekom, omdat ek te haastig was om ondersoek in te stel. Op pad badkamer toe een oggend, om my hare te was, sien ek sy kamerdeur is nog toe, nes sy ore wanneer ek hom saans vra om skottelgoed te was.

Ná ek hare gewas het, draai ek die handdoek om my kop, maak die badkamerdeur oop en sien dat Boetie se kamerdeur steeds toe is. Ek klop en maak die deur oop.

"Boetie, wat's verkeerd?"

Ek gaan sit op sy deurmekaar bed.

"Eina, my ko ... se ..."

Ek vee sy kuif weg en sit my hand op sy voorkop. Dit brand soos vuur – so erg dat ek eintlik regop sit. Ek voel weer.

"Ek gaan dadelik die dokter bel. Jy is koorsig!"

"Nee! Nie die dokter nie! Ek wil net slaap ..."

[Verkort en Verwerk uit *Vrouekeur*: 09 Mei 2008, p.78]

Skryf die **volgende sinne oor** volgens die instruksies in die regterkantse kolom.

(6.1 *Ek was te haastig om ondersoek in te stel.)*	6.1	Skryf die sin in die toekomende tyd.	(2)
(6.2 *Boetie was dikwels siek as daar toetse geskryf moes word.)*	6.2	Skryf die sin in die ontkennende vorm.	(2)

(6.3 *Ek vra Boetie saans om die skottelgoed te was.)* Die handdoek word om my kop gedraai.	6.3	Skryf die sin in die lydende vorm.	(2)
(6.4 *omdat)* My hare is nat.	6.4	Verbind die sinne soos aangedui.	(1)
(6.5 Ek klop en maak die deur oop.)	6.5	Skryf die sin in die verlede tyd.	(2)
(6.6 "Boetie, wat's verkeerd? vra die moeder.) Die moeder dink Boetie maak of hy siek is.	6.6	Skryf die sin in die indirekte rede.	(2)
(6.7 *tog*) Hy is koorsig.	6.7	Verbind die sinne soos aangedui.	(1)
Boetie se moeder gaan sit <u>op die deurmekaar bed</u>. (6.8 *Waarop...)*	6.8	Voltooi die vraag sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord is.	(2)
(6.9 Die bekommerde moeder sê dat Boetie se kop soos vuur brand.)	6.9	Skryf die sin in die direkte rede.	(2)
Die vrou vee haar seun se kuif weg en (6.10 *hand, haar, sit*) op sy voorkop.	6.10	Skryf die sin oor en korrigeer die woordorde.	(1)
"Ek gaan dadelik die dokter bel. Jy is koorsig!" (6.11 *Boetie se moeder is vasberade om ...)* Boetie wil nie hê sy moeder moet die dokter bel nie,want ... (6.12)	6.11 6.12	Voltooi die sin. Voltooi die sin in jou EIE woorde.	(2) (1)

[20]

VRAAG 7: REDIGERING

Lees die volgende eksamenwenke en beantwoord die vrae:

OORWIN

eksamenstres

Matrieks, dis eksamentyd en hopelik het die meeste van julle al goed voorberei. Hier is 'n paar *wenke*:



- Sorg dat jy nie die oggend van die eksamen hoef te jaag nie. Jy moet genoeg tyd hê om jou reg te maak – stort lekker, eet 'n goeie ontbyt en praat met jou gesinslede (familie).
- Kry oefening en genoeg slaap voor jy eksamen skryf. 'n Goeie nagrus kan vir jou stresvlakke help.
- Moenie die dag van die eksamen praat met skoolmaats wat kla omdat hulle nie goed voorberei het nie. Jy kan altyd ná die vraestel weer met jou vriende gesels.
- Haal vir sowat 'n minuut diep en stadig asem voor die vraestel uitgedeel word en probeer konsentreer. Dis 'n wonderlike manier om te ontspan.

[Verkort en verwerk uit : *HUISGENOOT :* 29 Oktober 2009]

* **Lees die sinne in die linkerkantste kolom.**
* **Gebruik die opdragte in die regterkantste kolom.**
* **Skryf die sinne KORREK OOR in jou ANTWOORDEBOEK .**

7.1	Sorg dat jy <u>restig</u> is die oggend van die eksamen.	7.1	Verbeter die spelfout.	(1)
7.2	Jy moet genoeg tyd hê en moenie jaag ...	7.2	Korrigeer die taalfout.	(1)
7.3	Eet 'n <u>goed</u> ontbyt en praat met jou gesinslede (familie).	7.3	Verbeter die vorm van die byvoeglike naamwoord.	(1)
7.4	Jy behoort <u>om genoeg oefening</u> en slaap <u>te kry</u>, voor jy eksamen skryf.	7.4	Skryf die sin reg oor.	(1)
7.5	'n Goeie nagrus kan vir jou stresvlakke <u>hulp</u>.	7.5	Maak die woordkeusefout reg.	(1)
7.6	Jy <u>ken</u> dat jy baie hard moet leer vir die eksamen.	7.6	Verbeter die woordkeusefout.	(1)
7.7	Nee man, móénie vir skoolmaats luister wat nie voorbereiding gedoen het nie_	7.7	Vul die ontbrekende leesteken ná die sin in.	(1)
7.8	Die skoolmaats <u>met wat</u> jy praat, moet goed voorberei wees.	7.8	Korrigeer die taalfout.	(1)
7.9	Onthou net die volgende spreekwoord as jy 'n A^+- simbool wil kry: "Aanhouer <u>slaag</u>".	7.9	Verbeter die spreekwoord.	(1)
7.10	<u>*Breathe deeply and relax before you receive the question paper*</u>.	7.10	Vertaal die sin in Afrikaans.	(2)
				[11]

VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

Lees die onderstaande STROKIESPRENT en beantwoord die vrae.



[Uit: *Beeld : Plus* – 6 November 2009, p.15]

8.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (8.1) neer.

Waarom is "JIPPIE!" (raampie 2) in hoofletters geskryf?

A. Michael is nie lus om nou al by die huis te wees nie.
B. Michael is baie bly om weer by die huis te wees.
C. Michael hou daarvan om weg te wees van die huis af.
D. Michael wil hê dat hy en sy ouers elke naweek weggaan. (1)

8.2 Voltooi die volgende sin deur die **korrekte woord** uit die **lysie van woorde** in die blokkie hieronder neer te skryf. Skryf *slegs* die woord langs vraagnommer (8.2) neer.

Michael is . . . om na 'n paar dae weg, weer by die huis te wees.

ongelukkig; hartseer; opgewonde; teleurgesteld

(1)

8.3 Voltooi die volgende sin deur jou EIE woorde te gebruik:

Michael se pa en ma kan nie verstaan waarom Michael so . . . , want . . . (2)
[4]

VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER

- **Kyk na die tekeninge hieronder.**
- **Lees die situasie.**
- **Voer die opdrag uit.**

9.1 SITUASIE: Kabelo sien vir juffrou Mjola, sy Afrikaanse onderwyseres, in die straat stap met groot en swaar sakke kruideniers wat sy gekoop het. Hy stap vinnig nader en bied aan om haar te help dra. Juffrou Mjola is baie DANKBAAR en WAARDEER Kabelo se hulp BAIE!

[Uit: *Oxford: Suksesvolle Afrikaans*: Gr 4 – Leesboek, p.5]

OPDRAG: Wat sê juffrou Mjola vir Kabelo om haar DANKBAARHEID en WAARDERING vir sy hulp, uit te spreek? Voltooi dié sin in **10 – 15 woorde**.

Kabelo: *Goeiemiddag, juffrou Mjola. Kan ek Juffrou se sakke dra?*

Juffrou Mjola: *Kabelo, ...* (2)

9.2 SITUASIE: Klara se moeder is 'n baie **goeie en belangrike** sake-/ besigheidsvrou. Sy wil hê Klara moet haar besigheid eendag by haar oorneem en 'n kursus in besigheidsbestuur doen. Klara het egter ANDER beroepe/werke wat sy wil gaan doen en wil dit op 'n MOOI MANIER vir haar ma sê.



[Verwerk uit; *Afrikaans is Lekker*: Gr 10 ~ p.68 EN *Nuwe Afrikaans Sonder Grense:* Gr 12 ~ *Eksamenhersieningsboek,* p.53]

OPDRAG: Hoe sal Klara aan haar ma op 'n MOOI MANIER sê dat sy nié 'n sake-/besigheidsvrou wil word nie, maar eerder 'n model, of 'n sekretaresse, of 'n verpleegster, of 'n skilder(es). Voltooi Klara se sin in **15 – 20 woorde.**

Klara : . . . (2)

9.3 SITUASIE: Thabo is besig met 'n baie moeilike Wiskunde-som wat mnr. Vareshni vir hulle gegee het. Hy kry die regte antwoord en is *BAIE BLY* daaroor.



[Verwerk uit *Afrikaans is Lekker:* Gr 10, p.153 EN *Oxford Suksesvolle Afrikaans ~ Leerdersboek*: Gr 5, p.79]

OPDRAG: Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (9.3) neer.
Wat het Thabo reggekry waaroor hy so BLY is?

A. Hy is bly dat hy sy optelmasjientjie elke keer reg gebruik het.
B. Hy is bly dat hy sy Wiskundehandboek, wat weg was, gekry het.
C. Hy is bly dat hy mooi na mnr. Vareshni se verduideliking geluister het.
D. Hy is bly dat hy die moeilike Wiskunde-som reggekry het.

(1)
[5]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE

PROSA: KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer
Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae.

VRAAG 10: *DIE LAS* – Margaret Bakkes

VRAAG 11: *DIE TONGBLAAR* – Pirow Bekker

Beantwoord EEN van die TWEE vrae:

VRAAG 10: *DIE LAS* – Margaret Bakkes

Jou pa is dood. Jou pa is dood. Die woorde het ritmies in Schalkie se brein gehamer. En toe skielik weet hy dat sy oupa die waarheid praat. Oom Frans se gesig het hom vertel. Sy pa is dood.

Die ou man kon sien dat Schalkie nou begryp. Hy het gewag vir die onvermydelike trane. Maar dit het nie gekom nie. Die seuntjie het wesenloos voor hom uitgekyk. Sy stem was grof en vreemd toe hy praat.

10.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (10.1) neer.

Schalkie se . . . het hom leer albaster speel en hy het 'n pragtige blou-groen . . . van sy vriend Faans gewen wat hy vir sy pa wou wys.

A. oupa; albaster
B. ma; present
C. Meneer; rugbybal
D. pa; ghoen (1)

10.2 *Schalkie het baie gehuil en was vreeslik hartseer toe sy oupa en oom Frans hom vertel dat sy pa dood is.*

10.2.1 Sê of dié stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.2.2 Gee die rede/motivering vir jou antwoord in Vraag 10.2.1 deur EEN sin uit die aanhaling neer te skryf. (1)

10.3 Voltooi die volgende aanhaling uit die kortverhaal deur die KORREKTE **woorde in die lysie** hieronder te gebruik. Skryf slegs die antwoord langs vraagnommers (10.3.1 – 10.3.5) neer.

fyn; mammatjie; klein; "Flindertjie"; lank; vreemd; sterk; meisiekind; alleen; "Veertjie"

Sy ma was 'n (10.3.1 ...) vroutjie en nog jonk. Sy pa het haar altyd geterg. Gesê sy is hul (10.3.2 ...) wat hulle mooi moes oppas. Partykeer het sy pa haar hoog opgetel en haar (10.3.3 ...) genoem. Dan het sy gelag en gespartel om los te kom. Maar sy pa was (10.3.4 ...), 'n groot man. En nou sê hulle sy pa is dood. Dan is hy en sy ma mos nou (10.3.5 ...). (5)

10.4

10.4.1 Watter "las" moes Schalkie dra na die dood van sy pa? (1)

10.4.2 Wie was die enigste persoon wat verstaan het van die "las" wat Schalkie sou moes dra? (1)

10.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (10.5) neer.

Schalkie het vir die eerste keer gehuil . . .

A. toe hy die middag van die skool af gekom het.
B. toe hy sien hoe hartseer sy ma en ouma is.
C. net voor hy na sy pa se begrafnis toe is.
D. toe hy die ghoen by die venster uitgegooi het. (1)

10.6 Schalkie se ma kon nie na haar man se begrafnis gaan nie, want sy was te swak en verdwaas. ("verdwaas": te hartseer, weet nie mooi wat om haar aangaan nie.)

10.6.1 Sê of hierdie stelling WAAR/ONWAAR is. (1)

10.6.2 Kies die korrekte woorde uit die lysie hieronder om Schalkie se woorde aan sy ma te voltooi en wat jou antwoord in Vraag 10.6.1 sal motiveer.

groet; nou-nou; begrawe; môre

"Mamma, tant Bets sal by Mamma bly. Ek moet net 'n rukkie weggaan. Om Pappa te [10.6.2 (a) ...], maar ek is [10.6.2 (b) ...] weer terug." (2)

10.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (10.7) neer.

Schalkie wou nié vir sy ouma luister om nié na sy pa se graf te gaan nie, want ...

A. hy wou eendag vir sy ma vertel hoe sy pa se begrafnis was.
B. hy wou sy oupa en oom Frans help om sy pa se graf toe te gooi.
C. hy wou vir sy beste vriend Faans vertel hoe hulle sy pa begrawe het.
D. hy wou vir meneer Van Graan vertel dat hy dapper was op sy pa se begrafnis. (1)

10.8 Hoe het Schalkie se meneer, meneer Van Graan, agtergekom dat daar GROOT fout is met Schalkie? Noem TWEE dinge. (2)

10.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (10.9) neer.

Toe meneer Van Graan vir Schalkie vra hoekom hy nie meer rugby speel nie, het Schalkie geantwoord: ...

A. "Ek speel albaster saam met Faans in die middae, Meneer."
B. "Ek doen elke middag inkopies saam met my ma, Meneer."
C. "Ek moet smiddae by die huis wees, Meneer."
D. "Ek moet smiddae saam met my ma in die tuin ronddwaal, Meneer." (1)

10.10

10.10.1 Waarom dink jy is die naam: **"Die las"**, 'n goeie titel vir hierdie kortverhaal? Gebruik jou EIE woorde om dit te verduidelik. (1)

10.10.2 Dirk van Graan wou **die las** wat Schalkie dra, *wegneem*. Hoe het hy dit gedoen? (1)

[20]

OF

VRAAG 11: DIE TONGBLAAR – Pirow Bekker.

Hy kyk na haar asof hy haar vir die eerste keer sien.
Maar net 'n oomblik. Toe word hy bewus van die kinders wat die aangrensende klaskamer begin vul. Ou Katlagter kan nou enige oomblik die deur wat die klas met die laboratorium verbind, oopdraai.
Sy is klaar. Tydsaam plaas sy die glasprop op die bottel terug. Sy gaan vryf haar palm onder die kraantjie.
"Dankie." Dis byna 'n agterna dankie. Nou help dit ook nie meer nie, sou sy ma sê. Hy sê weer 'n keer: "Dankie." En voeg by: "Dit sal help."

11.1 In die eerste sin van die aanhaling word daar verwys na, "... haar asof hy haar vir die eerste keer sien."

11.1.1 Wie is die haar na wie hier verwys word? (1)

11.1.2 Wie is die hy in dieselfde sin? (1)

11.2 Voltooi die volgende paragrafie deur van die **woorde in die lysie** hieronder gebruik te maak. Skryf slegs die antwoord langs vraagnommers (11.2.1 – 11.2.6) neer.

Van Graan; lewenswetenskappe; Kachelhoffer; wiskunde; perdeby; huis; Gouws; wetenskap; Herklaas; skeikunde; rooiby; moerbeikristalle; Klaas; kondieskristels; skool; muskiet; Anton; biblioteek.

Ou Katlagter, (11.2.1 meneer ...), is die leerders se (11.2.2 ... onderwyser) en die meisie is besig om kaliumpermanganaat of (11.2.3 ...) op die hoofkarakter van die kortverhaal se been te sit. Hy is deur 'n (11.2.4 ...) gesteek toe hy en sy vriend, (11.2.5 ...), met sy fiets op pad (11.2.6 ...) toe was. (6)

11.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf *slegs* die letter (A – D) langs vraagnommer (11.3) neer.

Die hoofkarakter wil vir die meisie iets gee omdat hy baie van haar hou. Wat wil hy vir haar gee?

A. 'n Armband
B. 'n Goue kettinkie
C. 'n Seëlringetjie
D. Oorbelle (1)

11.4 Wat het die meisie geantwoord toe die hoofkarakter haar vra wat sý die vakansie gaan doen? (1)

11.5 Noem TWEE dinge wat die hoofkarakter gedurende die vakansie op hulle plaas gedoen het. (2)

11.6 Kies uit KOLOM B die KORREKTE antwoord wat by KOLOM A pas. Skryf slegs vraagnommer (11.6.1 – 11.6.5) en die korrekte antwoord (A – E) neer.

	KOLOM A		KOLOM B
11.6.1	Tongblaar	A	Val baie hard met sy fiets
11.6.2	Drie lang weke	B	Gaan garingdraadjies gebruik
11.6.3	Die steek van 'n rooiby	C	Speke sing soos snare in die wind
11.6.4	Vingergrootte	D	"Dit lyk soos 'n harpie"
11.6.5	Fiets word vinnig getrap	E	Vakansie op die plaas

(5)

11.7

11.7.1 Het die hoofkarakter toe die meisie se vingergrootte met die draadjies van die tongblaar gemeet? (JA/NEE) (1)

11.7.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 11.7.1 deur jou EIE woorde te gebruik. (1)

11.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A – D) langs vraagnommer (11.8) neer.

Waar het die hoofkarakter die twee stukkies tongblaar gebêre, nadat die meisie op haar fiets weggery het?

A. In die bosak van sy baadjie
B. In die mik van die sipres(boom)
C. In sy boeketas
D. In 'n stukkie fyn papier toegedraai (1)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

GROOTTOTAAL: 120